**Donderdag 30 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 96**
**Fokusgedeelte: Psalm 96:10-13 (AFR83/ 2020)**
**Lofprysing in my verhouding met ongelowiges**

Kan ’n mens nog in ou waarhede van die evangelie glo in die wêreld waarin ons nou leef met so ontsaglik baie nuwe probleme? Kan ons dit nie net glo en bely nie, maar ook met oortuiging verkondig en aan ander oordra? Is daar regtig hoop op ’n beter wêreld terwyl ons in so ’n morsige en stukkende wêreld leef en omring word met soveel ander gode en ongeloof en verwarring?

Psalm 96 weergalm ’n duidelike JA! op al drie die vrae. Dit is ’n nuwe lied wat ou woorde op ’n nuwe manier aanbied met ’n verrassende boodskap. Die psalm begin met ’n oproep en bevel wat sommer drie maal herhaal word: *Sing! Sing! Sing!* Mens sou die eerste twee verse kon omskryf met: *“Kom julle, kom ons sing ’n nuwe lied om die Here se almag te verkondig met ons sang.”*

Dit is ’n nuwe lied wat vertel van die Here se redding, sy heerlikheid en sy magtige dade. Wat dit nuut maak, is waar dit gesing moet word, naamlik oor die hele aarde en aan al die nasies verkondig moet word. Hierdie psalm maak dit duidelik: Alles wat die Here met sy volk Israel gedoen het, hoe Hy hulle uit Egipte verlos het, hoe Hy hulle uit die Rooisee gered het, hoe hy op wonderbaarlike maniere vir hulle in die woestyn gesorg het met kos en water, moet nou in ’n nuwe lied aan al die volke en nasies op al die plekke in die wêreld vertel word.

Die opdrag om die evangelie aan alle nasies te verkondig, het nie eers in die tyd van die Nuwe Testament begin nie. In hierdie psalm leer die Here vir Israel, maar ook vir my en jou: God het jou gemaak vir iets ontsaglik groot en omvattend. Hy het jou gemaak om deel van sy wêreldomvattende doel te wees. God wil jou nie maar net laat sing vir jou eie lekkerkry en plesier nie. Al die nasies van die wêreld moet daartoe kom om saam met jou te sing en te buig voor die God van Israel wat ons nou deur Jesus Christus ken as ons Vader.

Sending en evangelisasie is niks anders nie as om al die nasies van die wêreld uit te nooi om saam te kom sing van die redding wat daar alleen by die Here te vinde is, om saam sy Naam te prys en die lof van sy heerlikheid en sy magtige dade te verkondig. Die koor wat hierdie nuwe lied sing, is reusagtig groot. Vers 7 sê al die volke moet die Here prys. Vers 9 sê die hele aarde moet saamsing. Die gehoor vir hierdie magtige groot koor is slegs EEN Persoon. Daar staan: Prys die Here, prys die Here, buig voor die Here! Ongelowiges moet deur die aanbiddende en lofprysende gemeente na God toe getrek word. In evangelisasie verkondig ons wat daar in Romeine 14:11 staan: *“So seker as wat Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig en elke tong sal My as God bely.”* In ons sang buig ons self voor Hom.

Ons erediens nooi die wêreld uit: “Kom sing en bely saam met ons die Here alleen is God.” Met sulke deurleefde sang sal ongelowiges oortuig word om God te aanbid en te erken: *“Werklik, God is in julle midde”* (1 Kor 14:25).

*Sing: Psalm 96:1, 8*

*Dr. PJ Buys (Flip) (emeritus)*